’n Oop Brief aan ’n Christen Vrymesselaar

Vanuit die Engels vertaal deur J Grobler.
Oorspronklike deur Ephesians 5:11, Inc., Box 291, Fishers, IN 46038, USA

FMTR01

Jy sê dat jy ’n Christen is en in ons hart wil ons dit graag glo, maar jy het ’n struikelblok in ons pad geplaas wat onmoontlik is om te ignoreer. Want jy sien, alhoewel jy sê dat jy ’n Christen is weet ons ook dat jy ’n Vrymesselaar is en ons het meer oor Vrymesselary te wete gekom.

Die basiese beginsels van die Evangelie is goed gedokumenteer. Paulus som dit as volg op in sy brief aan die Korintiërs:

“Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ook ontvang het en waarin julle gevestig staan. Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom. Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte.” (1 Kor 15:1-4)

Christene glo onwrikbaar in dié Evangelie van Jesus Christus, want dit is die enigste weg tot verlossing. Daar is net eenvoudig niemand anders wat die prys vir ons sondes kan betaal nie, want;

“Jesus het vir hom gesê: ‘Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.’” (Joh 14:6)

Net voordat Jesus na die hemel toe teruggegaan het, het Hy aan Sy volgelinge duidelike opdragte gegee:

“…’Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak hulle My dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.’” (Mat 28:18-20)

Jesus het Sy volgelinge beveel om dié Evangelie aan al die nasies te verkondig. Hy het spesifiek gesê dat ons mense moet leer om aan Sy bevele gehoorsaam te wees. Christene is verplig om dié Evangelie met almal te deel, veral die wat verlore is. Hulle doen dit omdat hulle onder hierdie oortuiging is deur die inwerking van die Heilige Gees en omdat hulle besorgd is oor die mense wat nie vir Jesus ken nie. ’n Christen sal nooit ’n ander verlosser aanvaar of ’n vals evangelie verkondig nie!

Om te verseker dat ons vertroud is met Vrymesselary het ons “Masonic Monitors” wat deur verskeie Groot Losies gepubliseer word, bestudeer en glo ons jy is daarvan bewus dat Groot Losies die hoogste gesag is in sake wat Vrymesselary aanbetref. Ons het gevind dat Vrymesselary lede van verskillende gelowe verwelkom. Vrymesselaars is Boeddiste, Moslems, Jode en selfs die wat beweer dat hulle Christene is. Ons het gedeeltes uit die Rituele wat in die “Monitors” van Groot Losies voorkom bestudeer in tot die oortuiging gekom dat jy as ’n “Christen Vrymesselaar” ’n ander verlosser aanhang. Ons weet dat jy deel het aan die verkondiging van ’n vals evangelie wat op ’n vals verlosser gebasseer is. Op bls 68 van die 1993 uitgawe van die **“Indiana Monitor and Freemason’s Guide”** vind ons die volgende in ’n deel van die ritueel vir die 1ste Graad:

“The covering of the Lodge is a clouded canopy, or stardecked ***heaven, where all good Masons hope at last to arrive…”***

Daar is dus geen twyfel dat hierdie Vrymesselaarsritueel verlore mense die hoop gee dat hulle eendag hemel toe sal gaan nie. Die feit dat sommige Meester Vrymesselaars Boeddiste en Moslems is, is bewys van hierdie vals hoop wat aan die verlorenes voorgehou word.

Op bls 109 lees ons onder die opskrif, “The Three Steps”:

“…as Fellow Crafts, we should apply our knowledge to the discharge of our respective duties, to God, our neighbors and ourselves, so that in age, ***as Master Masons, we may enjoy the happy reflections consequent on a well-spent life, and die in the hope of a glorious immortality****.”*

Weereens stel die Ritueel dit duidelik dat Meester Vrymesselaars kan verwag om hemel toe te gaan met die verwagting van immortaliteit. In dié Monitor het ons ’n gedeelte op pp. 103-104 in ’n gebed om saligheid gevind wat as volg eindig:

“Yet, O Lord! have compassion on the children of Thy creation, administer them comfort in time of trouble, and ***save them with an everlasting salvation. Amen.****”*

Hierdie gebed word deur die “Worshipful Master” tydens die ritueel van die 3de Graad in die gedeelte bekend as die Legende van die Derde Graad voorgehou. Hierdie gebed word net voor die “opwekking” uit die graf van Hiram Abiff gebid. Jy het Hiram Abiff voorgestel toe jy tot Meester verhef is. As Hiram Abiff was jy “dood gemaak, begrawe en uit die graf “opgewek”! Aan die einde van die Legende van die Derde Graad het die Senior Bewaarder die ritueel met die volgende woorde afgesluit:

*“****Then, finally my brethren, let us imitate our Grand Master, Hiram Abiff****, in his virtuous conduct, his unfeigned piety to God, and his inflexible fidelity to his trust;* ***that, like him, we may welcome the grim tyrant, Death, and receive him as a kind messenger sent by our Supreme Grand Master, to translate us from this imperfect to the all-perfect, glorious, and celestial Lodge above****, where the Supreme Architect of the Universe presides.”*

Hoekom word Vrymesselaars aangemoedig om Hiram Abiff na te volg? Die Ritueel sê pertinent: “**Masons are to imitate Hiram Abiff that they may welcome death and be translated into heaven.**” Nêrens in Vrymesselaarsrituele word eers na Jesus verwys nie! Die “Kentucky Monitor”, pp. XIV-XV identifiseer Hiram Abiff vir ons in ’n gedeelte waar verskeie gelowe bespreek word:

“*All believe in a future life, to be attained by purification and trials; in a state or successive states of reward and punishment; and in a Mediator or Redeemer, by whom the Evil Principle was overcome and the Supreme Deity reconciled to His creatures. The belief was general that He was to be born of a virgin and suffer a painful death. The Hindus called him Krishna; the Chinese, Kioun-tse; the Persians, Sosioch, the Chaldeans, Dhouvanai; the Egyptians, Horus; Plato, Love; the Scandinavians, Balder; the* ***Christians, Jesus; Masons, Hiram***.”

Die betekenis is kristalhelder. Vrymesselary leer dat Jesus nie uniek is nie. Jesus is die verlosser vir Christene, terwyl Hiram die Verlosser vir Vrymesselaars is! Kan iemand twee verlossers hê?

Sommige Monitors moedig Vrymesselaars aan om die boeke wat deur Vrymesselaars geskryf is te lees teneinde meer oor Vrymesselary te wete te kom. Die Indiana Monitor laat geen twyfel oor die gesag van Vrymesselary nie:

"In the ceremonies of making a Mason, we do not attempt to do more than to indicate the pathway to Masonic knowledge, to lay the foundation for Masonic edifice. The brother must pursue the journey or complete the structure for himself by reading and reflection." (p.132)

Die Macoy Publishing and Masonic Supply Company versprei die boek, "**The Meaning of Masonry"** deur Lynn Perkins waarin die lering oor Hiram Abiff verduidelik word:

"Therefore Masonry teaches that redemption and salvation are both the power and the responsibilty of the individual Mason. Saviors like Hiram Abiff can and do show the way, but men must always follow and demonstrate, each for himself, his power to save himself, to build his own spiritual fabric in his own time and way. Every man in essence is his own savior and redeemer; for if he does not save himself, he will not be saved. The reader who succeeds in getting back to the real teachings of the masters, including Jesus of Nazareth, will find unanimity of thinking on this matter. (p.95)

Die feit dat Mackey se "**Manual of the Lodge**" (1862) versoening en verlossing leer is duidelik gedokumenteer in die Monitor van die Groot Losie van Suid Carolina, die **Ahinam Rezon**:

"It was the single object of all the ancient rites and mysteries practiced in the very bosom of pagan darkness…to teach the immortality of the Soul. **This is still the great design of the third degree of Masonry. This is the scope and the aim of its ritual**. *The Master Mason represents man, when youth, manhood, old age, and life itself have passed away as fleeting shadows, yet raised from the grave of iniquity, and quickened into another and better existence. By its legend and all its ritual,* ***it is implied that we have been redeemed from the death of sin*** *and the sepulchre of pollution…and the conclusion we arrive at is, that youth, properly directed, leads [us to the honorable and virtuous maturity, and that] the life of man, regulated by morality, faith, and justice, will be rewarded at its closing hour by the prospect of eternal bliss…The important design of the degree is to symbolize the great doctrines of the resurrection of the body and the immortality of the soul; and hence it has been remarked by a learned writer of our order, that* ***the Master Mason represents a man saved from the grave of iniquity, and raised to the faith of salvation****." (Ahiman Rezon, 1947, pp. 141-142)*

Hierdie woorde of die meeste daarvan word in die Monitors van die meeste state in die VSA gereproduseer. Die 1993 uitgawe van die "**Indiana Monitor and Freemasons Guide**" verduidelik die betekenis van die 3de Graad op p. 154 en bevestig die universitaliteit van die legende van Hiram Abiff:

"The Legend of the Third Degree. *This is the most important and significant of the legendary symbols of Freemasonry. It has descended from age to age by oral tradition and has been preserved in every Masonic rite, practiced in any country or language, with no essential alteration." (p. 41) "The Hiramc Legend is the glory of Freemasonry…" (p. 158)*

Vrymesselary het 'n verlosser genaamd Hiram Abiff. Vrymesselary leer dat die Meester Vrymesselaar verlos is van die dood van die sonde en dat hy diegene verteenwoordig wat opgewek is tot die geloof van verlossing. Ons weet dat elke Losie wêreldwyd die dood, begrafnis en opwekking van Hiram Abiff in hulle ritueel insluit. Die ritueel van die 3de Graad stel baie duidelik dat deur Hiram Abiff na te volg, Meester Vrymesselaars toegang tot die hemel mag verkry. As 'n Christen moes jy snuf in die neus gekry het toe jy, as Hiram Abiff dood gemaak, begrawe en uit die graf opgewek was. Hierdie betrokke ritueel maak 'n bespotting van die soenoffer van Jesus Christus! Die openbaring moes gekom het toe die Senior Bewaarder vir jou gesê het dat jy hemel toe kan gaan deur Hiram Abiff na te volg.

Jy mag dalk dink dat dit vir ons onmoontlik is om te weet wat jy glo, en tot 'n groot mate is jy korrek. Ons kan mos nie weet of jy werklik die leerstellings van Vrymesselary aanvaar het bloot omdat jy lid van die Losie is nie? Wat ons wel weet is dat iemand wat 'n Vrymesselaar bly nadat hy deur die leerstellings van Vrymesselary gekonfronteer was en dit nie verwerp soos 'n Christen sou doen, nie erns van sy Christenskap kan maak nie. So lank as wat jy 'n Vrymesselaar bly terwyl jy ook sê dat jy 'n Christen is, moet ons kies tussen dit waarby jy as lid van die Losie deel aan het, nl., afgodediens, of die woorde van Johannes in die Bybel:

"Dit is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens de waarheid nie. Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde. As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely—Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtheid. As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie. Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig—ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken. Iemand wat sê: 'Ek ken Hom,' maar nie Sy gebooie nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie. Wie Sy woord egter gehoorsaam —in hom het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het." (1 Joh 1:5–2:6)

Jy wandel nie in die lig nie. Omdat jy nie die lig wandel nie is jy nie in gemeenskap met Jesus Christus nie en daarom kan ons ook nie in gemeenskap met jou lewe nie. Moenie van ons verwag om te glo dat jy kan voortgaan om 'n Vrymesselaar en 'n Christen tegelykertyd te wees nie, want as 'n Vrymesselaar kan jy nie in gemeenskap met Jesus leef nie. Om dit te kan glo sal ons die Bybel moet verwerp.

Die Skrif leer ons dat jy onder die oordeel van God staan en nie goed in die oordeel sal vaar nie. Die deelname aan 'n vals evangelie lei tot veroordeling:

"Maar al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n ander evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het—die vloek van God sal hom tref!" (Gal 1:8)

God het sy Seun, Jesus Christus, vir ons en JOU sondes geoffer. Hy het Jesus as "bedekking" vir ons en JOU geoffer. Die Losie het aan jou 'n voorskoot as bedekking voor God aangebied. Jesus het gewaarsku dat Hy diegene wat voorgee dat hulle Hom ken in die oordeel sal wegwys:

"'Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam duiwels uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?' Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree." (Mat 7:21-23)

Ons het baie reguit met jou gepraat want ons wil nie hê dat jy eendag voor God moet staan met jou voorskoot as bedekking nie. Al diegene wat nie die bedekking van Jesus, die Lam van God se bloed het nie, sal in die put van vuur gegooi word. As 'n Vrymesselaar volg jy nie die gebooie van Jesus nie, maar 'n vals evangelie—'n evangelie wat tot die oordeel in die helse vuur lei:

"Elkeen wat nie by die leer oor Christus bly nie maar daaraan verander, erken God nie. Wie in dié leer bly, erken sowel die Vader as die Seun." (2 Joh 9)

Jesus staan gereed om JOU te vergewe. Hy WIL jou vergewe, maar Sy vergiffenis is daaraan onderhewig dat jy jou van jou verkeerde weë sal bekeer. Bekeer voordat dit te laat is!

KIES CIEC

Posbus 8009
EDLEEN
1625
Tel/Faks: 011-394-3080
E-pos: kies_ciec@telkomsa.net